*Sondag* **2 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 92**
**Fokusgedeelte:Psalm 92:2-3**
**“Dit is goed om die Here te loof”**

Vanuit die Psalm sien ons duidelik dat die dag van die Here daaroor gaan om in die Here te rus en na te dink oor God se werke in ons lewens. God het in sy wysheid aan ons ’n dag daargestel waarop ons ons kan losmaak van alle bekommernisse en onsself ernstig op sy lof kan toespits. Dit is immers goed om die Here te loof en tot sy eer te psalmsing. Hierdie Psalm leer ons dan hoe die regte onderhouding van die Sondag lyk. Dit bestaan in die viering van die Goddelike Naam.

Ons word ook verder opgeroep om in die môre die goedertierenheid van God te verkondig en sy getrouheid in die nagte. Die Here se goedertierenheid is konstant en nie aan enige seisoen gekoppel nie. So moet ons ook besef dat die Here se getrouheid nie net in die nag getoon word nie, maar regdeur elke dag. Wat die digter dus hier aan ons wil duidelik maak, is dat ons die Here die hele dag lank moet loof en prys. Dit is dus nie net reg om God te dank en sy lof te besing nie, maar dit is ook wat ons, gelei deur die Heilige Gees, heeldag moet WIL doen.

Die Psalm eindig met die woorde: *“...verkondig dat die Here reg is, my rots en in Hom is geen onreg nie”* af. God se regverdigheid bly dus regdeur die Psalm die hoofsaak. Christus se onregverdige kruisiging het op sy heerlike opstanding uitgeloop. Die oorwinning oor onreg en dood is behaal. Mag ons deur die Heilige Gees die krag ontvang om so te leef dat almal die oorwinning in ons lewens kan sien en mag ons, dankbaar vir God se dade, die rusdag gebruik om die Here te loof en te prys, maar Hom ook in ons wandel en handel van elke dag loof en prys.

*Sing: Psalm 92-1:1*
*Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)*